

Gebruik van Openbare Vervoer

Beskerm jouself en ander mense teen koronavirus (COVID-19)

COVID-19 is soortgelyk aan griep en dit veroorsaak hoes, koors, 'n seer keel, uitputting en spierpyn.

Wanneer 'n persoon wat COVID-19 het hoes of nies, laat hulle die virus op oppervlakke en die lug agter. Jy kan COVID-19 kry as:



- Jy aan hierdie oppervlakke en dan aan jou gesig, oë, neus of mond raak of
- Jy in noue kontak (1,5 meter) kom met iemand wat die koronavirus het.



Wanneer jy openbare vervoer gebruik, kom jy gewoonlik vlugtig in kontak met 'n klomp mense. Dit kan jou risiko verhoog om COVID-19 te kry.

5 Goue Reëls

1. Was hande
2. Moenie aan gesig vat
3. Behou afstand
4. Bedek jou hoes
5. Siek? Bly tuis



Sorg dat jy altyd 'n lapmasker dra wanneer jy na openbare plekke gaan.

Veilige gebruik van 'n lapmasker


1. Was jou hande voordat jy die masker gebruik.
2. Sorg dat die masker jou neus en mond bedek.
3. Moenie aan die masker raak wanneer jy dit dra nie.
4. Moenie maskers deel nie.
5. Haal masker af as dit nat is.
6. Raak net aan die bandjies om dit te af te haal.
7. Was jou hande onmiddellik nadat jy dit afgehaal het.
8. Was die masker met seep en water.
9. Laat dit droog raak en stryk die masker om dit te ontsmet.
10. Jy moet ten minste 2 maskers hê sodat jy altyd 'n skoon een byderhand het.



Wes-Kaapse
Regering


KOM ONS **STOP** DIE VERSPREIDING

VIR MEER INLIGTING:
www.westerncape.gov.za



Bly veilig op jou rit

- Wanneer jy in die ry staan en wag, staan 1,5 meter weg van die ander passasiers.
- Probeer om nie aan deurhandvatsels, relings en vensters te raak nie.
- Probeer om nie aan ander passasiers te raak nie.
- Sit so ver as moontlik weg van die ander passasiers.
- Niemand word toegelaat om in die bus te staan nie.
- Probeer om nie aan enige oppervlakke te raak nie.
- Gebruik handontsmetmiddel nadat jy met geld gewerk het.
- Was jou hande vir 20 sekondes wanneer jy by jou bestemming aankom.



- 24 HOURS Nasionale Hulplyn: 0800 029 999
- 24 HOURS Provinsiale Hulplyn: 021 928 4102
- 24 HOURS Nasionale WhatsApp: 0600 123 456

Getal passasiers wat in 'n taxi toegelaat word:

- 23 sitplekke: 15 passasiers
- 16 sitplekke: 10 passasiers
- 11 sitplekke: 7 passasiers



Getal passasiers wat in 'n bus toegelaat word:

- 9 m-bus: 24 passasiers
- 12 m- Volvo-bus: 42 passasiers
- 12 m- Scania-bus: 47 passasiers
- 18 m-bus: 58 passasiers



Wes-Kaapse
Regering

KOM ONS **STOP** DIE VERSPREIDING

VIR MEER INLIGTING:
www.westerncape.gov.za